

Jan Steyn preek 20 Januarie 2019

Tema: Veerkrachtigheid (resilience):

Teks: Habakuk 3:17-19

Inleiding: Wat is veerkrachtigheid (resilience)?

As ek dink aan die woord veerkrachtigheid dink ek aan my knieë en hardloop. As jong skoolatleet het ek landloop gedoen op uitdagende roetes soos die een wat Paarl Gim gehad het. Regop op teen Paarlberg en reguit af. Maar met die afkom het my kniee gesing en hulle was so elasties en buigbaar dat ek die afdraend amper nie gevoel het nie. Ek het myself altyd as atleet geroem oor ek sterk bene en enkels en kniee gehad het. Ek het op skool nooit enige beenbeserings gehad nie. Nou kom ek teen steil plekke af en my kniee sing nie meer nie. Hulle skree: Aau, aau, aau! Hulle het duidelik oor die jare iets van hulle buigbaarheid en veerkrachtigheid verloor. Dit stel my darem gerus dat ander middeljariges en oueres darem ook so met stywe beentjies soos ek hardloop!

Ek kan ook veerkrachtigheid verduidelik as ek dink aan die verskil tussen 'n eier en 'n rubberballetjie. As teen muur gooi is eier splat. Rubberballetjie kom terug. Hy bons terug. Dis presies wat veerkrachtigheid of resilience is. So beskryf iemand dit: **Resilience is the ability to bounce back from life's inevitable disappointments, failures and pains.** Om terug te kan bons van die lewe se onafwendbare teleurstellings, mislukkings en moeilikhede en pyn. Ek lees gister in die Burger toevalling dat mense wat eiendomsagente wil wees veerkrachtig moet wees, want dinge werk nie altyd uit soos in die sakeplan uiteengesit nie. **Veerkrachtigheid is verder om die dinge te aanvaar wat ons nie kan verander nie.** Byvoorbeeld: Ek kan dit nie verander dat my pa of ma terminale kanker het nie, maar veerkrachtigheid beteken ek kan aangaan met my lewe en werk en verantwoordelikhede van my eie gesin terwyl ek my ouers ondersteun. Sonder hierdie veerkrachtigheid of resilience is dit soos hierdie eier splat teen die muur of soos iemand anders dit beskryf: Sonder veerkrachtigheid voel jou lewe soos hierdie kar sonder skokbrekers. En wat is waar van kar sonder skokbrekers? Ja, jy voel elke klip en elke gat in die pad as jy in so 'n kar ry. Dis pynlik.

Die ervaring van skaarste:

Iets wat ek dink in baie van ons se lewens sterk resoneer met wat ons in Habakuk gelees het, is die ervaring van skaarste. As daar geen druiwe aan die wingerde is en die olyfbome nie olywe het nie en daar geen kleinvee in die kampe is nie, was daar skaarste. Dan was daar geen lewensmoontlikhede nie. Mense het dan baie gesukkel om te oorleef, want landbou was die oorheersende bedryf in daardie tyd. Al die stapel-bedrywe in die landbou word hier genoem. Alles wat mense daagliks nodig het om

te oorleef, is weg. Die afwesigheid van hierdie dinge dui dalk op langdurige droogte en miskien op stroopers wat die vee kom steel het. Of miskien het die vee ook al eenvoudig van die droogte omgekóm.

Ons ken hierdie ervaring van skaarste dalk net op ander maniere- ons het hierdie skaarste aan sekerheid en sekuriteit- ons weet nie mooi in ons land wat kom volgende nie. Ons voel dikwels nie veilig in hierdie land of in ons huise nie. Die land se toekoms lyk onseker en dit maak ons ook onseker. Ons het nog onlangs die skaarste aan water ervaar- was selfs bang ons gaan iewers die krane oopdraai en daar gaan niks uitkom nie. Sommige van ons het skaarste wat finansies betref- my salaris as ek nog een het styg met vyf of sewe persent, maar my medies met 10% en kos met 15% per jaar en my kinders begin Universiteit toe gaan. Ons boere ervaar dikwels hierdie skaarste vandag nog- jou insetkoste styg en styg en jou winsmarges raak al hoe kleiner. Sommige van ons het skaarste in verhoudings- ek is in verhoudings met mense, maar voel baie dae net so onervuld en alleen. Dit voel of daar niemand is wat my verstaan nie. Sommige ervaar skaarste in ons gesondheid- ek voel of ek elke jaar tot minder in staat is. My energie is laag en ek bly moeg en uitgeput. Ek weet die uitputting het nie net met my liggaam te doen nie, maar ook met die toestand van my siel en gemoed. Ek weet egter nie hoe om by beter plekke uit te kom nie.

Wat is die groot vraag agter hierdie gedeelte?

Sal ons God kan aanbid, al val al die voordele (benefits) om Hom te aanbid weg? Al kom ek op plekke van uitsterste skaarste? So stel een engelse prediker hierdie vraag: **Is God worthy to be worshiped even if all benefits to worshipping Him is removed?** Onthou, om alles te verloor soos hierdie gelowige in Habakuk 3 was nie net finansiële baie moeilik nie, maar ook geestelik. Vye en olywe aan die bome, druiwe aan die druiwestokke, oeste op die lande en kleinvee en beeste in die kampe is gesien as tekens van die Here se seen oor jou lewe. Wat gebeur as dit wat jy geglo het tekens van die Here se seen is, wegval? Dis presies op hierdie punt wat die duiwel die Here aanvat rondom Job: Here, Job dien jou omdat jy Hom seen en voorspoedig maak en omdat hy so baie besittings het. Vat bietjie daardie besittings weg en kyk of Hy U nie gaan vervloek nie. Einltik sé die duiwel of Satan: Hy aanbid U nie ter wille van Usself nie, maar vir wat U hom gegee het en kan gee.

Hierdie vraag kom vandag nog na jou en my toe. Wat as die voordele om God te aanbid wegval? Ons glo 'n gelukkige huwelik is teken van die Here se seen. Maar wat as jou huwelik nie gelukkig is nie- as jou hart nog vir iemand brand maar hulle hart nie meer vir jou nie? Of as jy in jou middeljare nog steeds alleen is en jy lyk of jy nooit di regte een gaan ontmoet nie? Gaan jy nog steeds die Here loof vir jou huwelik of vir die feit dat jy alleen is? Om kinders te hê wat goed doen en suksesvol is glo ons is teken van die Here se seen oor ons lewe. Wat as jou kind nie suksesvol is nie en nie wil leer nie en rondval van werk tot werk? Gaan jy nog steeds die Here loof vir jou kind? Om gesond te wees is hier

iewers in ons agterkoppe om geseen te wees deur die Here. Maar wat as jy by die dokter hoor dis kanker en dit kan nie omgekeer word nie. Gaan jy die Here dan nog loof vir hierdie liggaam wat Hy jou gegee het? Om 'n goeie werk en inkomste te hê word baie keer gesien as teken van die Here se seen oor my lewe. Wat as daardie werk of inkomste wegval? Gaan ek die Here dan nog loof? Om goeie oeste of 'n goeie jaar in my besigheid te beleef word gesien as die seen van die Here oor my lewe. Wat maak ek as dit 'n werklik slegte jaar is? Gaan ek die Here dan nog loof?

Aanbid die Here vir wie Hy is:

Habakuk 3 herinner ons om nie die Here te aanbid vir wat Hy vir ons kan doen en gee nie. Die gewes van die Here of die seeninge van die Here val soms van ons weg. Ek dink partykeer moet die Here hierdie fisiese en tasbare en materiele dinge van ons wegneem sodat ons weer kan vra waar is my sekuriteit, waar is my jubel regtig. Is die in die Here of in die dinge wat ek het en al bereik het of versamel het of weggesit het of Hy my gegee het? Aanbid die Here vir wie Hy is. Aanbid Hom volgens wat die Woord ons leer oor Sy karakter. Hier in Habakuk is die Here die Een wat krag voorsien- die Here my God gee my krag- ook vir die hoë plekke of die moeilike tye. Hy is die **Kraggewer** in ons lewens. Ek lees in Jesaja 64 die ongelooflike gedagte in die Ou Afrikaanse vertaling dat die Here nie passief is in ons tyd van krisis nie. Jesaja 64:4: Van ouds af het niemand dit niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het 'n God gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie, behalwe U. Die gode is dood, hulle is passief. Hulle kan niks doen aan jou krisis of omstandighede nie. Die Here is **lewend en werksaam**.

God is getrou. Psalm 37 in ons land met sy korrupsie en misdaad: Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie, want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer. Vertrou liever op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom. Hy sal sorg. Dis maklik om hierdie te bely as dit met jou goed en voorspoedig gaan. Maar dis nie maklik as jy swaar kry en verlies ly en gebrek ly nie. Is God dan net getrou solank dit met jou goed gaan en jy in beheer voel van jou toekoms en jou lewe? God is getrou ondanks jou omstandighede. In 2 Timoteus 2:13 lees ons: As ons ontrou is, Hy bly getrou. Hy kan Homself nie verloën nie. God sal Homself verloën of verraai as Hy nie meer getrou is nie. So vas is getrouheid deel van Sy karakter.

Ek dink ook hier aan 2 Korintiërs 1:3: Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus kom al die lof toe. Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons, sodat ons ook ander kan bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. **God is die Ontfermer en Moedgewer.** Ons ervaring van skaarste op sekere terreine, vir party mense op alle terreine, neem nie weg dat die Here ons krag sal gee of bemoedig of werksaam sal wees in ons krisis

nie. Of dat Hy getrou is nie. Dis wie God is. Hy kan nie anders as om om te gee en betrokke by ons te bly nie. Al sien en ervaar ek dit nie nou in my moeilikheid of hoë plek nie.

Wat is die kern van hierdie gedeelte? Waar kom veerkragtigheid ten diepste vandaan?

Ons sou hierdie gedeelte in Habakuk verkeerd verstaan as ons sou dink die kern is hier ek sal in die Here jubel, al kom wat ook al. Dat ons dink die kern is die gelowige en hoe tough jy geestelik is. Aan die een kant is dit waar: Soos iemand geskryf het: Veerkragtige mense sing of jubel in goeie en slegte tye. Want veerkragtigheid is 'n keuse. Dis die keuse om heel eerste jou oog op Jesus gevestig te hou en nie op die grootte van jou krisis of jou probleme nie. Daar is dus amper iets soos die inoefen van hierdie geloofsgewoonte of keuse van veerkragtigheid in elke nuwe situasie. Daarom is dit waar wat Ray Ellis skryf: Resilience is a daily habit. Ek oefen my ook in veerkragtigheid.

Dis egter nie die kern van die gedeelte nie. **Die kern is in vers 19: Die Here my God gee my krag, Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.** Die hoë plekke is daardie tye in jou lewe wat jy terugslae en probleme en moeilikheid kry of werklik swaar kry. Ek dink ook hier onmiddellik aan 2 Timoteus 1 vers 7: Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing. Hy gee ons deur SY Gees die krag om die lewese uitdagings in die oë te kyk. Veerkragtigheid beteken ek kan terugbonds van slegte tye en moeilike omstandighede en teleurstellings en terugslae, want die Here is by my en sal my help. As jy alles verloor weet jy jy is nie in beheer van jou lewe en jou toekoms nie. Dan moet jy opkyk na die Een wat werklik in beheer is. Iemand wat langs die pad alles verloor het en tog geloofsverdieping ondergaan het, skryf: I found Jesus was all I needed when Jesus became all I had. Job verklaar nadat hy alles verloor het: Job1:21: Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here. Josef wat weens sy broers se jaloesie as slaaf verkoop is, deur die antie wat 'n ben ten gesoek het in die tronk beland het, getuig later teenoor sy broers in Genesis 45: Ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop en ek is Egipte toe gebring. Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red. God is in beheer! Nie Job of Josef of ek en jy nie.

Slot:

Ek dink ons kinders kry soms swaar in die lewe omdat ons hulle wil weghou van elke teleurstelling of verlies of mislukking in die lewe. Laat jou kinders ook hierdie dinge ervaar- laat hulle toe om te misluk en foute te maak- dit sal hulle meer mens maak. Dit breek hierdie leuen af dat onself altyd in beheer van elke situasie en uitkoms is. Ek dink ons kry as volwassenes swaar met dieselfde goed omdat ons valslik dink teleurstelling en verlies en mislukking behoort nie deel van die kind van die Here se lewe

te wees nie- dis onnatuurlik vir die kind van die Here om sulke dinge te beleef. Ons hoor baie eerder die vals evangelie dat al wat God vir jou begeer is health, wealth and happiness (gesondheid, rykdom en geluk). Dit is miskien wat die voorspoedsteologie ons wil leer- kinders van die Here is altyd gesond en gelukkig en voorspoedig, maar dis nie die boodskap van die Bybel nie. Die boodskap wat ek hierdie week gekry het is dat die lewe eenvoudig nie altyd uitwerk soos ons gedroom het of gehoop het nie. Die lewe bring vir ons almal iewers verlies en teleurstelling en mislukking. Dit neutraliseer nie wie die Here is of SY krag om ons by te staan en ons weer te laat terugbons nie. Dit vat nie weg wie Hy in Sy karakter is nie. Habakuk 3:17-19 gaan oor hierdie man sy gebrek aan seeninge gaan bereken het en steeds kon jubel,, omdat hy verbaas geraak het, nie oor die seeninge wat nog oor was nie, maar oor die God wat seeninge verleen of weerhou. Habakuk se vertrou in die Here ondanks negatiewe omstandighede is weens sy verhouding met die Here wat oor baie goeie en moeilike tye gebou het. Moenie die Here gaan opsoek eers as jou lewe uitmekaarval nie- stap die pad klaar met Hom in die goeie en voorspoedige tye. As die krisis kom, het jy klaar geleer dat jy Hom met alles en in alles kan vertrou.

Habakuk 3 vra waarop steun en leun ons lewe en bestaan? Is dit op goed, op geld, op wereldse sekuriteit? Op dit wat die Here my gegee het? Of steun en leun ek op God self? Het ek God lief ter wille van Homself? Wat of wie is die anker van jou siel, jou lewe, jou vertrou? Werklik die anker?

Amen